
UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE2602

Mei/Junie 2017

## KORPORATIEWE BEHEER IN REKENMEESTERSKAP

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS**

---

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

[BLAAI OM]

Open Rubric

UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AUE2602

Mei/Junie 2017

## KORPORATIEWE BEHEER IN REKENMEESTERSKAP

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS.**

---

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT **AGT (8)** BLADSYE

Hierdie vraestel bestaan uit die volgende vrae en hoofonderwerpe

| VRAAG | HOOFONDERWERP | PUNTE |
|---|---|---|
| 1 | Korporatiewe beheer en interne beheermaatreëls | 50 |
| 2 | Aankope- en betalingsiklus, voorraad- en produksiesiklus en betaalstaat- en personeelsiklus | 50 |
| | | ------ |
| | | **100** |

**LET WEL:**
Alhoewel die hoofdoelwit van hierdie eksamen is om u kennis en toepassing van die vakinhoud te toets, word u vermoe om te organiseer en sulke kennis in geskrewe taal van 'n aanvaarbare standaard aan te bied deur die eksaminators in ag geneem

[BLAAI OM]

## VRAAG 1

**50 punte**

Jy is 'n ouditleerling by Vouch Ingelyf, 'n firma van geregistreerde ouditeurs in Johannesburg Jy is onlangs die taak opgelê om met die oudit van ScrewLoose Beperk (hierna genoem "ScrewLoose") behulpsaam te wees ScrewLoose is 'n BTW-geregistreerde maatskappy wat in die hardewaresektor in Suid-Afrika sake doen ScrewLoose spesialiseer in hardeware, verbruiksgoedere, chemikaliee, gereedskap en veiligheidsprodukte Mnr C Ment het die maatskappy 14 maande gelede gestig Omdat dit die eerste keer is dat ScrewLoose geoudit gaan word, het mnr Ment versoek dat die ouditfirma waardetoevoegende kommentaar oor die praktyke van korporatiewe beheer en interne beheermaatreels by ScrewLoose moet lewer Die geintegreerde verslag moet nog saamgestel word

Die volgende inligting benodig dringend jou aandag

### 1 Praktyke van korporatiewe beheer

| | Posisie | Lid van die beheerliggaam (Direksie) | Lid van die ouditkomitee |
|---|---|---|---|
| Charles Ment | Hoof uitvoerende beampte (HUB) | Voorsitter | Voorsitter |
| Danny Ndlovu | Direkteur van bedrywighede | Ja | |
| Jonas Smith | Besturende Direkteur | Ja | Ja |
| Jessica Riley | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur | Ja | |
| Nadia Ismail | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur | Ja | Ja |
| Gertrude Moloi | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur | Ja | |
| Thabiso Mudau | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur | Ja | |
| Aantekening | | 1 | 2 |

**Aantekening 1:** Die direksie het gedurende die eerste finansiele jaar twee keer vergader

**Aantekening 2.** Tydens die enigste vergadering van die ouditkomitee gedurende die eerste finansiele jaar, is daar besluit dat dit die komitee se enigste plig is om die eksterne ouditeur vir aanstelling te nomineer Die ouditkomitee se eerste vergadering met die eksterne ouditeure is geskeduleer vir volgende maand

[BLAAI OM]

## 2 Kontinuiteit van bedrywighede

Mnr Ment wil 'n inligtingstegnologie (IT) rampherstelplan (*disaster recovery plan)* ontwikkel as deel van goeie beheermaatreels om ontwrigting tot die minimum te beperk in die geval van 'n ramp wat verwerking kan verhoed en/of finansiele data kan vernietig

## 3. Toepassingskontroles

Jou mede-ouditleerling, Jack Newbie, is die opdrag gegee om die betaalstaat-en-personeelsiklus van ScrewLoose te oudit Hy het die volgende toepassingskontroles teegekom wat in hierdie siklus gebruik word, maar is onseker of hy die onderskeie toepassingskontroles en beskrywings korrek by mekaar gepas het

| # | Beskrywing | Toepassingskontrole |
|---|---|---|
| A | Identifiseer bedrae wat ná verwerking buite 'n voorafbepaalde limiet val | Alfanumeriese toets *(Alphanumeric test)* |
| B | 'n Finale saldo wat ná verwerking verkry word, word met die openingsaldo en die individuele totaal van transaksies vergelyk | Kontrolesyfers/Toets-syfers *(Check digits)* |
| C | Insleuteling sal nie voortgaan totdat 'n spesifieke veld of velde voltooi is nie | Limiettoets *(Limit test)* |
| D | Is 'n oortollige (ekstra) karakter wat by 'n rekeningnommer, onderdeelnommer, ensovoorts gevoeg word | Verpligte veld *(Mandatory field)* |
| E | Bespeur gapings of duplisering in 'n reeks nommers soos wat dit ingesleutel word | Passingstoets *(Matching test)* |
| F | Verwerkte data word deur die rekenaar vergelyk met data wat reeds in die databasis gestoor word | Reekstoets *(Range test)* |
| G | Voorkom of bespeur alfabetiese velde wat as syfers ingevoer is en omgekeerd | Lopie-tot-lopie totaal *(Run-to-Run total)* |
| H | Verwerkte data word deur die rekenaar met ander inligting vergelyk vir redelikheid | Volgordetoets *(Sequence test)* |

## 4 Ontwerp van brondokument

Mnr Ment het jou van sy kommer oor die ontwerp van die brondokumente by ScrewLoose ingelig Sy hoofbekommernis is of die verkoopsfakture wat ScrewLoose uitreik, aan die vereistes van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 (*Consumer Protection Act)* voldoen Jy het verkoopsfaktuur 698 geselekteer, wat hieronder voorgestel word

[BLAAI OM]

# Belastingfaktuur van Verkope

Faktuur nommer 698
ScrewLoose Beperk

Klant Black Velvet Design (Edms) Bpk
PO BOX D
Pretoria
0037

| Beskrywing | Bedrag (R) |
|---|---|
| XI52 3M Gehoorbeskermingsklappies met Groen Doppies | 4 400 00 |
| Bz17 35ℓ Kompakte Vlambare Kabinet | 12 600 00 |
| **Totaal** | **17 000 00** |

SCREW LOOSE

**VERLANG** **Punte**

1.1 **Lewer kommentaar** oor die inligting wat ScrewLoose Beperk verskaf het met verwysing na die vereistes van **goeie korporatiewe beheer** ooreenkomstig die King IV verslag

Verskaf u antwoorde onder die volgende opskrifte
- **a)** Direksie samestelling en aanstellings (vyf opmerkings) **(7½)**
- **b)** Ouditkomitee samestelling en aanstellings (drie opmerkings) **(4½)**
- **c)** Ouditkomitee vergaderings (twee opmerkings) **(3)**
- **d)** Algemene opmerkings (twee opmerkings) **(3)**

- U moet kwessies rakende beide **voldoening** en **nie-voldoening** aan die King IV verslag in jou antwoord bespreek
- Twee aanbiedingspunte sal toegestaan word indien die antwoord onder die korrekte opskrifte aangebied word, en vir kommunikasie, logiese redenering en struktuur **(2)**

1 2 Beskryf enige **VIER (4) pligte** van die **ouditkomitee** ingevolge Artikel 94 van die **Maatskappywet 71 van 2008** Moet nie enige pligte rakende die eksterne ouditeure bespreek in jou antwoord nie **(6)**

1.3 Beskryf die **beheermaatreels** wat mnr C Ment by ScrewLoose Beperk moet implementeer om inligtingstegnologiese (IT) ontwrigting weens 'n ramp tot die minimum te beperk Beperk jou antwoord tot die **rampherstelplan** **(6)**

[BLAAI OM]

**VERLANG (vervolg)** **Punte**

**1.4** Help Jack Newbie om sy begrip van die toepassingskontroles te verbeter deur die korrekte **toepassingskontrole** by elke **beskrywing** te pas Noem slegs **een** toepassingskontrole vir elke beskrywing

Bied jou antwoord in die volgende formaat aan

Geen punt sal toegeken word vir die voorbeeld gegee

| **Beskrywing** | **Toepassingskontrole** |
|---|---|
| Voorbeeld A | Voorbeeld Limiettoets |
| B | |
| C | |
| D | |
| E | |
| F | |
| G | |
| H | |

**(7)**

- Twee aanbiedingspunte sal toegestaan word indien die antwoord in die korrekte formaat aangebied word, en vir kommunikasie, logiese redenering en struktuur **(2)**

**1.5** Dui met verwysing na faktuur 698 aan of die ontwerp van die brondokument voldoen aan die **minimum vereistes vir 'n verkoopsfaktuur** wat in die **Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008** vervat is

**Voorbeeld:** Die datum waarop die transaksie plaasgevind het, word nie op die faktuur aangedui nie

- Jy moet kwessies rakende beide **voldoening** en **nie-voldoening** aan die Wet op Verbruikersbeskerming in jou antwoord bespreek **(9)**

## VRAAG 2 **50 punte**


Fantastic Four Furnishers (Edms) Bpk is 'n vervaardigingsmaatskappy wat pragtige houtmeubels vir meubelkleinhandelaars vervaardig

**1 Bestel van hout:**

Om plaaslike indiensnemingskoerse te bevorder, bestel die senior aankoper, me S Storm, al die hout by die plaaslike bosboudepartement

**2. Die vervaardigingsproses**

Die fabrieksvloer is in vyf afdelings verdeel




**Figuur 1:** Uitleg van fabrieksvloer

Wanneer die hout ontvang word, word dit nagegaan en gemeet om seker te maak dat die grootte en voginhoud van die stukke hout aan die bepaalde vereistes voldoen Elke bondel wat ontvang word, word op 'n goedere-ontvangsbewys aangeteken voordat dit na die sny-en-vormwerk afdeling gaan om verwerk te word Wanneer hout van die een afdeling na 'n ander, byvoorbeeld van die sny-en-vormwerk afdeling na die monteringsafdeling, oorgeplaas word, word 'n oorplasingsnota voltooi deur die voorman van die afdeling wat die voorraad na die volgende afdeling aanstuur

### 3. Die aanstelling van nuwe personeel

Die voorman van die afwerkingsafdeling, mnr H Torch, het gekla dat die monteringsafdeling altyd agter skedule is en dat die produkte nie van die verlangde gehalte is nie Mnr R Fantastic, die hoof uitvoerende beampte, het besluit om bykomende personeel in die monteringsafdeling aan te stel Omdat hy 'n baie besige persoon is, het hy 'n advertensie in die plaaslike koerant geplaas en onmiddelik die eerste vyf aansoekers aangestel Daarna het hy die nuwe werknemers se besonderhede in die gerekenariseerde werknemers-meesterlêer vasgelê

### 4 Werknemers-meesterlêer

Toegang tot die werknemers-meesterlêer is slegs moontlik met die gebruik van 'n gemagtigde gebruikersnaam en wagwoord Skermhulpmiddels en programkontroles is geimplementeer om akkuraatheid en volledigheid van insleuteling te bevorder, asook om ongeldige voorwaardes te bespeur Enige veranderinge aan die meesterlêer word outomaties deur die stelsel aangeteken op opeenvolgende genommerde loglêers Mnr Thing, die finansiele direkteur, hersien die logleers op 'n gereelde basis en gaan die nommervolgorde daarvan na

**VERLANG** **Punte**

**2.1** **Beskryf** enige **VYF (5) risiko's** wat met die **bestel van goedere funksie** van die **verkryging-en-betalingsiklus** geassosieer word **Verduidelik** waarom elke risiko as 'n risiko beskou word

Bied jou antwoord in die volgende formaat aan

Geen punt sal toegeken word vir die voorbeeld gegee

| Risiko | Verduideliking |
|---|---|
| **Voorbeeld:** Betaal onnodige hoe pryse vir goedere | **Voorbeeld:** Dit kan lei tot likiditeits probleme en finansiele verliese |
| 1) | |
| 2) | |
| 3) | |
| 4) | |
| 5) | |

**(15)**

- Twee aanbiedingspunte sal toegestaan word indien die antwoord in die korrekte formaat aangebied word, en vir kommunikasie, logiese redenering en struktuur **(2)**

**VERLANG (vervolg)** **Punte**

**2.2** Beskryf VIER (4) interne beheermaatreels wat geimplementeer moet word om die risiko's te beperk wat met die beweging van voorraad vanaf die sny-en-vormwerkafdeling na die monteringsafdeling gepaardgaan **(6)**

**2 3** Met betrekking tot die waardasie van voorraad

**2 3.1** Beskryf teen watter **waarde** moet die voorraad in die finansiele state van Fantastic Four Furnishers (Edms) Bpk aangebied word **(3)**

**2.3.2** Dui aan of die volgende kostes (a-f) **ingesluit of uitgesluit** moet word wanneer voorraad gewaardeer word

a) Afleweringskoste
b) Kommissie betaal op verkoopte goedere
c) Koste van produksiemateriaal wat tydens 'n brand in die fabriek vernietig is
d) Administratiewe koste
e) Die salarisse van produksiepersoneel
f) Veranderlike produksie-bokoste **(6)**

**2.4** Watter **prosedures** moes mnr R Fantastic, die HUB, gevolg het **voordat hy die nuwe personeel aangestel het** om die risiko vir die werwing van onbevredigende of onnodige personeel, aan te spreek? **(9)**

**2.5** Beskryf enige **addisionele interne beheermaatreëls** wat geimplementeer moet word om te verseker dat die toevoeging van die nuwe werknemers op die **werknemers-meesterlêer** akkuraat, volledig en geldig is **(9)**

©
UNISA 2017